2013
OKTOBER

TUSSENTYDSE RESULTATE

Senwes

KWEEK WAARDEVOLLE VENNOOTSKAPPE

BEDRYFSOORSIG

FINANSIËLE FOKUSPUNTE

Omset (R'm)



Wins na belasting (R'm)



Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (c/a)



RISIKO- EN OPBRENGS-AANWYSERS

Opbrengs op ekwiteit

(vir 6 maande)



Dividend (c/a)



Eiekapitaalverhouding



BESIGHEIDSOORSIG

Profiel

Senwes is 'n geïntegreerde landboudienstebesigheid geposisioneer in die graanwaardeketting tussen die plaashek en verwerker. Senwes verskaf produksie-insette en kapitaalgoedere aan hoofsaaklik die graanprodusent, waarna toegang tot die mark vir die kliënt se oesopbrengs bewerkstellig word.

Finansiering en logistieke dienste verskaf die nodige waardetoevoegende finansiële en landboukundige dienste aan kliënte. Sake word hoofsaaklik in die Vrystaat, Noordwes, Gauteng, Mpumalanga, KwaZulu-Natal, Noord-Kaap en Wes-Kaap bedryf, asook internasionaal in die SAOG-streek.

Strategiese oorsig

Konsolidasie, herorganisasie, integrasie en internasionalisering is die beoogde padkaart vir die verwesenliking van die 2020-visie. Konsolidasie is reeds onderweg in die sektor en die landskap sal waarskynlik in groter handelsblokke groepeer ten einde van konsentrasie- en ander bedryfsrisiko's te probeer ontsnap. Senwes is tevrede met die ontplooiing van sy vennootskap in die kleinhandelsbesigheid met Afgri en Hinterland en Prodist is reeds aktief vanaf 1 Junie 2013. Volledige integrasie van die besigheid behoort teen 30 April 2014 afgehandel en gereed vir die volgende somerseisoen te wees. Die vennootskappe in Certisure, Grasland, JD Implemente, Senwes Batefinansiering, ESC en Grainovation lewer die verwagte resultate en word nougeset bestuur. BungeSenwes en die Afrika besighede het bewese markaandeel bekom en sal nou op margebestuur fokus ten einde winsgewendheid te verhoog.

Finansiële en bedryfsoorsig

'n Netto wins na belasting van R174 miljoen is behaal vir die eerste ses maande van die 2014 finansiële jaar. Dit verteenwoordig 'n afname van 7% teenoor die vorige jaar. Genormaliseerde wesensverdienste het ook afgeneem met 27,2% na 52 c/aandeel. 'n Tweede opeenvolgende droogtejaar het 'n beduidende impak op die graanprodusent in die sentraal en westelike gedeeltes van die land gehad en landboubesighede kan nie hiervan ontsnap nie.

Die balansstaat is goed gerat en verteenwoordig gesonde groei in bedryfskapitaal. Meganisasie- en handelsvoorraadvlakke is gekorrigeer ten einde te belyn met huidige ekonomiese realiteite en die debiteureboek het weer sy terugbetaalvermoë bewys, selfs onder strammer ekonomiese toestande. Die netto batewaarde het sedert jaareinde vanaf R8,84/aandeel na R9,41/aandeel gestyg selfs nadat

6,4% van die aandele teruggekoop is en 'n finale dividend van 31 c/aandeel en spesiale dividend van 4 c/aandeel op 6 September 2013 betaal is.

MARKTOEGANG:
Grainlink (Berging en Dienste), BungeSenwes International (Graanverhandeling: Afrika), Grainovation (Logistiek), ESC (Elektroniese Silosertifikate), TradeVantage (Graanverhandeling), BungeSenwes (Internasionale Handel)

40% van die graanvolumes het verlore gegaan weens die droogte. Verskeie bestuursaksies het die impak gereduseer tot 'n 29,5% afname in die bedryfsresultaat vir die eerste ses maande. Markaandeel in die graansilobesigheid kon herwin word ten spyte van 'n omgewing waarin almal aktief deelneem aan 'n verkleinde mark. Oor die afgelope 18 maande het die mark 'n verdubbeling van toetreders in die vorm van graanhandelaars ervaar en alle internasionale sagtekommoditeitshuise het tot die Suid-Afrikaanse mark toegetree. Beide TradeVantage en BungeSenwes was gevolglik blootgestel aan irrasionele markverhandelingstoestande, wat die deelname beduidend ingeperk het. Dit, tesame met die verhoging in kommoditeitspryse en die gevolglike verhoging in bedryfskapitaal, het marges onder druk en aanbod hoogs gefragmenteerd gelaat.

INSETVERSKAFFING:
Hinterland (Kleinhandel), Senwes Village (Meganisasie), Grasland (Kalk), JDI (Meganisasie – Suid-Kaap)

Sakevertroue vir die komende somerplantseisoen is laag en dit word verder weerspieël in die lae besigheidsaktiwiteite van die insetpilaar. Laat en lae reënval het 'n negatiewe impak op die finansiële resultate en alhoewel die seisoen steeds potensiaal inhou, is daar reeds bewys van permanente afwykings in besigheidsaktiwiteite.

Meganisasie-aktiwiteite is negatief beïnvloed deur die droogte en produsente het hul kapitaalvervangingsprogramme dienooreenkomstig uitgestel. Kalkverkope volg dieselfde tendens as die meganisasiebesigheid en produsente sal ook hul bekalking uitstel na 'n meer genormaliseerde siklus.

FINANSIËLE DIENSTE:
Senwes Credit (Kredietverskaffing), Senwes Batefinansiering (Batefinansiering), Certisure (Versekering)

Die droogte het 'n afname in terugbetaling op die debiteureboek tot gevolg gehad en heelwat rekeninge was uitstaande met die afsluiting van die somerkredietboek op 31 Augustus 2013. Die boek word egter ondersteun deur sterk balansstate en die uitstaande somerskulde het genormaliseer na 14,9% (2012:10,6%) van die totale boek teen 31 Oktober 2013. Certisure kon sy marges grootliks handhaaf ten spyte van druk van produsente om hul versekeringsrekenings af te bestuur. Die vergrote platform met NWK het 'n groter verspreiding teweeggebring en het die volhoubaarheid van die maatskappy verhoog.

Vooruitsigte

Die impak van die kleiner somermielie-oes sal waarskynlik toenemend ervaar word in die tweede helfte van die finansiële jaar, namate die stywe uitlaaitempo sal invreet op die graanvoorraadvlakke en gevolglik sal silobergingsinkomste negatief geraak word. Daarmee saam sal die termynmark waarskynlik volatiel bly en nie al die geleenthede bied wat verwag word nie. Die insetkanaal sal waarskynlik 'n bewese afskaling in hektare aangeplant, lae oordragvog, 'n verandering in kommoditeitsamestelling en 'n uitstel van die vervanging van kapitaalgoedere moet trotseer, wat die resultate negatief sal beïnvloed. 'n Bo-normale kredietsiklus sal na verwagting die swakker insetsiklus tot 'n mate teenwerk.

Ander aspekte

Die kleinhandeltransaksie met Afgri het 'n positiewe kontantinspuiting tot gevolg en werk die laer operasionele prestasie teen. Ingevolge IFRS3 sal die wins erken met hierdie besigheidsamevoeging binne 12 maande (vanaf 1 Junie 2013) herbesoek word vir enige moontlike aanpassings wat ontstaan het tydens implementering. Die potensiaal van die belegging sal waarskynlik meer realisties gemeet word in die komende finansiële jaar, nadat integrasie behoorlik afgehandel is.

Treacle het sy belang in Senwes gedurende die jaar vervreem en Grindrod het in die proses 'n 20% belang in Senwes bekom. Grindrod het sedert dié verkryging sy noulettendheidsondersoek op Senwes met sukses afgehandel en gevolglik het die opsie om die belang terug te plaas na Senwesbel en Senwes verval. Die transaksie is gevolglik onvoorwaardelik vanaf 5 Desember 2013.

Senwes het 6,4% van sy aandele teruggekoop en beoog om sy huidige kontantvereffende langtermyninsentiefskema om te skakel na 'n vol aandeelskema.

Dividende

'n Tussentydse dividend van 26 c/aandeel (2012: 26 c/aandeel) is verklaar. Dividende sal op ongeveer 13 Desember 2013 aan die aandeelhouers betaal word wat as sulks op 5 Desember 2013 geregistreer is.

Met volmag van die Direksie

JDM Minnaar
Voorsitter

F Strydom
Besturende Direkteur

CF Kruger
Finansiële Direkteur

Klerksdorp
5 Desember 2013

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	% Verandering	6 maande geëindig 31 Oktober 2013 Onge-ouditeer R'm	6 maande geëindig 31 Oktober 2012 Onge-ouditeer R'm	12 maande geëindig 30 April 2013 Geou-diteer R'm
Inkomste uit voortgesette bedrywighede	-13,3%	**5 193**	5 988	13 886
Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie (EBITDA)	+ 8,7%	**289**	266	474
Depresiasie en amortisasie		**(17)**	(18)	(34)
Bedryfswins voor finansieringskoste (EBIT)	+ 9,6%	**272**	248	440
Finansieringskoste		**(58)**	(50)	(104)
Wins na finansieringskoste	+ 8,2%	**214**	198	336
Winsdeel van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings		**9**	12	7
Wins voor belasting uit voortgesette bedrywighede	+ 6,2%	**223**	210	343
Belasting		**(49)**	(45)	(78)
Wins na belasting uit voortgesette bedrywighede	+ 5,5%	**174**	165	265
Wins na belasting van beëindigende bedrywighede om oorgedra te word na gesamentlike onderneming		**-**	22	42
Wins vir die tydperk	-7,0%	**174**	187	307
Ander omvattende inkomste, na belasting				
Buitelandse valuta-omrekeningsverskille - buitelandse bedrywighede		**3**	(3)	3
Totale omvattende inkomste vir die tydperk, na belasting	-3,8%	**177**	184	310
Wins toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy		**172**	186	305
Nie-beherende belang		**2**	1	2
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy		**175**	183	308
Nie-beherende belang		**2**	1	2
Verdienste en genormaliseerde wesensverdienste				
Verdienste per staat van omvattende inkomste		**172**	186	305
Verlies op buitelandse valuta		**-**	-	1
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		**(118)**	-	(2)
Wins met verkoop van beleggings		**-**	(73)	(47)
Waardedaling van beleggings		**6**	12	15
Herstruktureringskoste		**10**	4	3
Ander/nie-herhalende items		**21**	-	-
Genormaliseerde wesensverdienste	-29,8%	**91**	129	275
Geweegde gemiddelde aantal aandele uitgereik ('000)		**174 183**	180 789	180 457
Verdienste per aandeel (sent)	-3,9%	**98,8**	102,9	168,9
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	-27,2%	**52,0**	71,4	152,4
Dividende per aandeel				
Dividende (sent)		**26,0**	26,0	61,0
Interim dividend		**26,0**	26,0	26,0
Finale dividend		**-**	-	31,0
Spesiale dividend		**-**	-	4,0
Netto batewaarde per aandeel (sent)		**940,7**	843,6	884,4

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Soos op 31 Oktober		Soos op 30 April
	2013 Onge-ouditeer R'm	2012 Onge-ouditeer R'm	**2013 Geou-diteer R'm**
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**264**	292	253
Belegging in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**252**	120	115
Ander finansiële bates	**4**	3	3
Lenings en bedrae ontvangbaar	**448**	371	340
Uitgestelde belastingbate	**3**	22	23
Totale nie-bedryfsbates	**971**	808	734
Bedryfsbates			
Voorraad	**1 303**	1 172	712
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar	**1 139**	858	1 737
Ander lenings ontvangbaar	**390**	52	171
Agentskapsgraandebiteure	**253**	380	263
Afgeleide finansiële instrumente	**23**	21	12
Kontant- en kontantekwivalente	**59**	22	49
Totale bedryfsbates	**3 167**	2 505	2 944
Bates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	**-**	533	343
TOTALE BATES	**4 138**	3 846	4 021
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Ekwiteit			
Uitgereikte aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**67**	67	67
Tesourie aandele	**(121)**	-	(19)
Ander reserwes	**7**	(2)	4
Behoue inkomste	**1 639**	1 458	1 530
Eie ekwiteit	**1 593**	1 524	1 583
Nie-beherende belang	**12**	9	10
Totale ekwiteit	**1 605**	1 533	1 593
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende lenings	**1 000**	450	1 000
Langtermynaansporingsbonusse	**14**	4	9
Totale nie-bedryfslaste	**1 014**	454	1 009
Bedryfslaste			
Handels- en ander rekeninge betaalbaar	**483**	428	474
Rentedraende lenings	**995**	979	765
Afgeleide finansiële instrumente	**6**	5	1
Ander lenings betaalbaar	**32**	11	17
Belasting betaalbaar	**-**	10	-
Voorsienings	**3**	6	3
Totale bedryfslaste	**1 519**	1 439	1 260
Laste wat direk verband hou met die bates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop	**-**	420	159
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**4 138**	3 846	4 021

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	2013 Onge-ouditeer R'm	2012 Onge-ouditeer R'm	**2013 Geou-diteer R'm**
Kontant deur bedryfsaktiwiteite gegenereer	**153**	224	490
Belasting betaal	**(16)**	(44)	(117)
Finansieringskoste betaal	**(58)**	(50)	(104)
Dividende betaal	**(63)**	(27)	(74)
Verandering in bedryfskapitaal	**156**	(79)	(544)
Netto kontantvloei uit/(gebruik deur) bedryfsaktiwiteite	**172**	24	(349)
Netto kontantvloei gebruik deur beleggingsaktiwiteite	**(58)**	(26)	(148)
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	**114**	(2)	(497)
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**(104)**	-	531
Netto toename/(afname) in kontant- en kontantekwivalente	**10**	(2)	34
Kontant- en kontantekwivalente van filiaal verkoop	**-**	-	(9)
Kontant- en kontantekwivalente - begin van die tydperk	**49**	24	24
Kontant- en kontantekwivalente - einde van die tydperk	**59**	22	49

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

Vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2013

	Uit-gereikte aandele-kapitaal en premie R'm	Tesourie aandele R'm	Behoue inkom-ste R'm	Nie-ver-deelbare reserwe R'm	Nie-be-herende belang R'm	Totaal R'm
Saldo op 30 April 2013 (Geouditeer)	**68**	**(19)**	**1 530**	**4**	**10**	**1 593**
Wins vir die tydperk	-	-	172	-	2	174
Ander omvattende inkomste	-	-	-	3	-	3
Dividende betaal	-	-	(63)	-	-	(63)
Tesourie aandele	-	(102)	-	-	-	(102)
Saldo op 31 Oktober 2013 (Ongeouditeer)	**68**	**(121)**	**1 639**	**7**	**12**	**1 605**
Saldo op 30 April 2012 (Geouditeer)	**68**	**-**	**1 299**	**1**	**8**	**1 376**
Wins vir die tydperk	-	-	186	-	1	187
Ander omvattende inkomste	-	-	-	(3)	-	(3)
Dividende betaal	-	-	(27)	-	-	(27)
Saldo op 31 Oktober 2012 (Ongeouditeer)	**68**	**-**	**1 458**	**(2)**	**9**	**1 533**

1. Verslagdoeningsentiteit

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state van Senwes Beperk (die "Maatskappy") soos op en vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2013, bestaan uit die Maatskappy, al sy filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes (saam na verwys as die "Groep").

2. Basis van voorbereiding

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state is opgestel volgens en voldoen aan die vereistes van IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening.

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state sluit nie al die inligting en openbaarmaking vereis soos vir finansiële jaarstate in nie, en moet saamgelees word met die Groep se finansiële jaarstate soos op 30 April 2013.

Die rekeningkundige beleid wat in die voorbereiding van die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state toegepas is, stem ooreen met dié wat gevolg is in die voorbereiding van die Groep se jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 30 April 2013.

3. Strukturering van gesamentlike onderneming: Kleinhandels- en direkte besigheid

Op 1 Junie 2013 het Senwes Bpk en Afgri Bpk se kleinhandelsbesighede saamgesmelt om 'n nuwe gesamentlike onderneming, Hinterland, te vorm. Senwes Bpk en Afgri Bpk is gelyke aandeelhouers in die gesamentlike onderneming.

'n Wins na belasting van R118 miljoen is in wins en verlies erken met die verkoop van die kleinhandels- en direkte besigheid, ingevolge IFRS11. Ingevolge IFRS3 (Besigheidsamevoegings) sal die wins erken met hierdie besigheidsamevoeging binne 12 maande (vanaf 1 Junie 2013) herbesoek word vir enige moontlike aanpassings wat ontstaan het tydens implementering.

Senwes verantwoord die belegging deur die ekwiteitsmetode toe te pas en 50% van die wins of verlies van die gesamentlike onderneming word in wins en/of verlies erken.

4. Verwantepartytransaksies

4.1 SENWESBEL BPK. ("SENWESBEL")

Dividende van R37,4 miljoen en rente van R0,5 miljoen is aan Senwesbel betaal.

4.2 HANDELSDEBITEURE - DIREKTEURE

Die handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekenings sowel as ander rekenings waarvoor klante van die Maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoers op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die klante van die Maatskappy. Op 31 Oktober 2013 het die direkteure die Groep R30 miljoen op bogenoemde rekenings geskuld. Sekuriteite is volgens normale praktyke dienooreenkomstig gevestig.

5. Bedryfsegmente

Inligting rakende raporteerbare segmente

		SEGMENTINKOMSTE		
		6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	% Verandering	2013 R'm	2012 R'm	2013 R'm
Finansiële dienste (Senwes Credit en Univision Groep)	+ 15,2%	**76**	66	139
Bedryfsaktiwiteite		**76**	66	139
Wins op oordrag van filiaal aan gesamentlike onderneming		**-**	-	-
Insetverskaffing (Senwes Village**)	-60,9%	**617**	1 580	2 871
Bedryfsaktiwiteite		**617**	1 580	2 871
Wins met verkoop van Kleinhandelsafdeling		**-**	-	-
Marktoegang (Senwes Grainlink)	-20,6%	**4 491**	5 653	12 209
Segmentaktiwiteite	-29,0%	**5 184**	7 299	15 219
Korporatiewe koste		**9**	6	35
Totale inkomste		**5 193**	7 305	15 254
Inkomste van beëindigende bedrywighede		**-**	(1 317)	(1 368)
Insetverskaffing		**-**	(1 289)	(1 332)
Marktoegang		**-**	(28)	(36)
Inkomste uit voortgesette bedrywighede		**5 193**	5 988	13 886
Wins voor belasting				
Belasting				
Wins vir die tydperk				
Wins na belasting van beëindigende bedrywighede om oorgedra te word na gesamentlike onderneming				
Insetverskaffing				
Marktoegang				
Wins na belasting uit voortgesette bedrywighede				

**Senwes en Afgri se kleinhandelsbesighede het op 1 Junie 2013 saamgesmelt om 'n gesamentlike onderneming te vorm en vir die periode geëindig 31 Oktober 2013 is die ekwiteitsmetode toegepas.

6. Aankope en vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting

Gedurende die ses maande tot 31 Oktober 2012 het die Groep eiendom, aanleg en toerusting ten bedrae van R29,7 miljoen aangekoop. Eiendom, aanleg en toerusting met 'n boekwaarde van R76,4 miljoen, is vervreem gedurende dieselfde tydperk.

7. Kapitale verpligtinge

Verbintenisse reeds gekontrakteer beloop R29 miljoen en sal gefinansier word uit kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite terwyl R3 miljoen gemagtig is deur die direksie maar nog nie gekontrakteer is nie.

	SEGMENTRESULTATE		
	6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
% Verandering	2013 R'm	2012 R'm	2013 R'm
	32	89	129
+ 3,2%	**32**	31	71
	-	58	58
	171	93	170
-72,0%	**26**	93	170
	145	-	-
-29,5%	**74**	105	177
-3,5%	**277**	287	476
+ 14,9%	**(54)**	(47)	(69)
	223	240	407
	(49)	(53)	(100)
	174	187	307
	-	(22)	(42)
	-	(22)	(56)
	-	-	14
	174	165	265

Met volmag van die Direksie

JDM Minnaar
Voorsitter

F Strydom
Besturende Direkteur

CF Kruger
Finansiële Direkteur

Klerksdorp
5 Desember 2013

KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 44 EN 45 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 2008

Op 23 Augustus 2013 (tydens die algemene jaarvergadering) is goedkeuring deur die aandeelhouers verleen vir die verlening van finansiele bystand aan die filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes van Senwes vir die aankoop van aandele in Senwes in terme van artikel 44 van die Maatskappywet, nr 71 van 2008. In terme van die goedkeuring is die volgende bystand verleen:

Maatskappy	Bedrag R'm
Senwes Capital (Edms) Bpk	95

Op 23 Augustus 2013 (tydens die algemene jaarvergadering) is goedkeuring deur die aandeelhouers verleen vir die verlening van finansiele bystand aan die filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes van Senwes in terme van artikel 45 van die Maatskappywet, nr 71 van 2008. In terme van die goedkeuring is die volgende bystand verleen:

Maatskappy	Bedrag R'm
Hinterland (Edms) Bpk	591
Senwes Mauritius Bpk	6
Bunge Senwes (Edms) Bpk	26

DIREKTEURE:
JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Besturende Direkteur)*, ZBM Bassa, SF Booysen (Onder-Voorsitter), JBH Botha, R Ebrahim, AJ Kruger, CF Kruger (Finansiële Direkteur)*, JJ Minnaar, NDP Liebenberg, KI Mampeule, AK Olivier**, WH van Zyl. TF van Rooyen is aangestel as direkteur op 5 Desember. EM Joynt (Maatskappysekretaris) *Uitvoerend **Alternatief

GEREGISTREERDE KANTOOR:
Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570
Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464 7800

OORDRAGSEKRETARISSE EN AANDELEVERHANDELINGSKAMER:
Die Maatskappysekretaris
Posadres: p/a Die Sekretaris, Senwes Beperk,
Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464 7800
Webwerf: www.senwes.co.za

Dit is vooruitskouingsverklarings, soos gedefinieer in die "United States Private Securities Litigation Reform Act of 1995". Woorde, soos "glo", "verwag", "waarskynlik", "moontlik", "voorspel", "beoog", "strewe", "sal", "beplan", "kan", "mag", "poog", "projekteer" en soortgelyke uitdrukkings het ten doel om sodanige vooruitskouingsverklarings te identifiseer, maar is nie eksklusief die wyse waarop sodanige verklarings geïdentifiseer word nie. Vooruitskouingsverklarings behels inherente risiko's en onsekerhede en sou een of meer van hierdie risiko's realiseer, of indien onderliggende veronderstellings korrek blyk te wees, kan werklike resultate wesenlik van die verwagte resultate verskil. Vooruitskouingsverklarings is slegs van toepassing vanaf die datum waarop dit gemaak word en Senwes aanvaar geen verpligting om enige verklaring aan te pas of op te dateer weens nuwe inligting, toekomstige gebeure of enige ander rede nie.